

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE



# OFFISIELE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Monday 8 September 1975

WINDHOEK

UITGawe OP GESAG

Maandag 8 September 1975 No. 3486

CONTENTS

Page

INHOUD

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

GOEWERMENSKENNISGEWING:-

Municipality of Windhoek:

Munisipaliteit van Windhoek:

Cemetery and Crematorium Regulations ..... 143.8

Begraafplaas en Krematoriumregulasies ..... 143.9

## Government Notice

## Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Secretary for South West Africa.*

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

No. 235] [8 September 1975]

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations.

**MUNICIPALITY OF WINDHOEK:  
CEMETERY AND CREMATORIUM REGU-  
LATIONS.**

**PART I : GENERAL**

**DEFINITIONS:**

1. In these regulations unless the context otherwise indicates -

“adult” means a person over the age of 12 years;

“ashes” means the remains of a body after cremation in a crematorium;

“body” means a human dead body and includes the body of a still-born child;

“cemetery” means any piece of ground established as a cemetery by the Council in terms of section 219 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);

“child” means a person of 12 years or younger;

“Council” means the Council of the Municipality of Windhoek;

“cremate” and “cremation” means cremate and cremation as defined in the Crematorium Ordinance, 1971 (Ordinance 6 of 1971);

“crematorium” means a crematorium as defined in the Crematorium Ordinance, 1971 (Ordinance 6 of 1971);

“white” means a person of whom both parents are of pure white descent;

“grave” means any excavation prepared for the interment of a body;

“grave space” means any piece of ground laid out for a single grave within a cemetery;

“identification tablet” means a small block of concrete fixed at the foot or head of a grave which displays the number of the grave;

No. 235 [8 September 1975]

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Municipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goedgekeur.

**MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK:  
BEGRAAFPLAAS- EN KREMATORIUMREGULASIES.  
DEEL I : ALGEMEEN.**

**WOORDOMSKRYWING**

1. In hierdie regulasies, tensy die samehang anders aandui, beteken -

“asse” enige oorskot van ’n lyk na verassing in ’n krematorium;

“begraafplaas” enige stuk grond wat die Raad as ’n begraafplaas ingevolge artikel 219 van die Municipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) ingestel het;

“blanke” iemand van wie albei ouers van suiwer blanke afkoms is;

“eienaar” met betrekking tot ’n grafruimte, die persoon wat by wyse van aankoop die uitsluitlike reg op begrawing in sodanige grafruimte verkry het;

“graf” enige uitgraving wat voorberei is vir die begrawing van ’n lyk;

“grafruimte” enige stuk grond binne ’n begraafplaas wat vir ’n enkele graf opgemeet is;

“grafwerk” enige grafsteen, reling, heining, gedenksteen, monument geskrif of ander werk wat op ’n graf aangebring is of kan word;

“kenplaat” ’n klein betonblok aan die bo of onderent van ’n graf wat die nommer van die graf daarop dra;

“kind” ’n persoon van twaalf jaar of jonger;

“krematorium” ’n krematorium soos omskryf in die Ordonnansie op Krematoriums 1971 (Ordonnansie 6 van 1971);

“lyk” enige menslike dooie liggaam insluitende die liggaam van ’n doodgebore kind;

**"Medical Officer of Health"** means the person from time to time holding the appointment of medical officer of health or acting in that capacity in connection with the Municipality;

**"memorial work"** means any tombstone, railing, fence, monument, inscription or other work erected, or which may be erected, upon any grave;

**"non-white"** means a person of Asian, Bantu or Coloured descent, or of whom both parents are not of pure white descent;

**"owner"** in relation to a grave space means the person who by purchase has acquired the exclusive right of interment in such grave space;

**"Registrar of Deaths"** means any person for the time being appointed by the State to register deaths;

**"Superintendent"** means the person from time to time holding the appointment of Superintendent Parks and Cemeteries in the service of the Municipality and any person acting on his behalf;

**"Town Engineer"** means the person from time to time holding the appointment of town engineer in the service of the Municipality and any person acting on his behalf.

#### **DISPOSAL OF BODIES:**

2. (1) No person shall dispose of any body except by burial or by the process of cremation in a properly constituted crematorium.
- (2) Subject to the provisions of Part VII no body may be buried in any place other than a cemetery without the written permission of the Council.

#### **PERMISSION TO BE OBTAINED FOR INTERMENTS**

3. (1) No person shall inter or cause to be interred any body or ashes of a cremated body within any cemetery without the written permission of the Council first being obtained.
- (2) Such permission shall not be given unless -

**"Mediese Gesondheidsbeampte"** die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van mediese gesondheidsbeampte beklee of in daardie hoedanigheid optree in verband met die Munisipaliteit;

**"nie-blanke"** iemand van Asiatiese, Bantoe- of Kleurlingafkoms, of van wie albei ouers nie van suwer blanke afkoms is nie;

**"Raad"** die Raad van die Munisipaliteit van Windhoek;

**"Registrateur van Sterfgevalle"** iemand wat deur die Staat aangestel is om sterfgevalle te regstreer;

**"Stadsingenieur"** die persoon wat van tyd tot tyd die pos van stadsingenieur in die diens van die Munisipaliteit beklee en enigeen wat namens hom optree;

**"Superintendent"** die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van superintendent van parke en begraafphase in diens van die munisipaliteit beklee en enigeen wat namens hom optree;

**"veras"** en **"verassing"** veras en verassing soos omskryf in die Ordonnansie op Krematoriums 1971 (Ordonnansie 6 van 1971);

**"volwassene"** 'n persoon wat ouer as 12 jaar is.

### BESKIKKING OOR LYKE

2. (1) Niemand mag oor 'n lyk beskik nie buiten by wyse van begrawing of die proses van verassing in 'n behoorlike opgerigte krematorium.
- (2) Behoudens die bepalings van Deel VII, mag geen lyk sonder die skriftelike toestemming van die Raad, in enige ander plek as 'n begraafplaas begrawe word nie.

### TOESTEMMING TOT BEGRAWING

3. (1) Niemand mag enige lyk of die asse van enige veraste lyk, in 'n begraafplaas, sonder die voorafverkreeë toestemming van die Raad, begrawe of toelaat dat dit gedoen word nie.
- (2) Sodanige toestemming word nie verleen nie tensy-

- (a) in the case of a body, a written order signed by the Registrar of Deaths is produced along with the notice of interment;
- (b) in the case of ashes, the cremation certificate or a copy, certified by a commissioner of oaths, is produced along with the notice of interment;
- (c) in all cases where an inquest has been held a magistrate's written authority for interment shall accompany the notice of interment;
- (d) the prescribed fees have been paid.

#### FREE BURIAL

4. The Council may, on application, and in its entire discretion, inter any body free of charge, in such place and manner as it may deem fit.

#### HOURS OF ADMISSION TO CEMETERIES

5. Every cemetery shall be open to the public on every day of the week during such hours as the Council may determine by resolution: Provided that the Council shall have the power to close to the public any cemetery or portion thereof for any period the Council may deem fit.

#### CHILDREN

6. No child may enter any cemetery unless it is under the care of a person who, in the opinion of the Superintendent, is a responsible person.

#### VISITORS TO KEEP TO PATHS

7. No person shall enter the cemetery or depart therefrom except by the entrance gates, and no person shall leave a road or path, except for purposes permitted by these regulations, or to go to a grave space.

#### ADVERTISING, DISTRIBUTION OF TRACTS, ETC., PROHIBITED:

8. No person shall solicit any business order or exhibit, distribute or leave any tract, business card or advertisement within any cemetery or use any cemetery road or walk for the conveyance of any goods or other articles except when it is intended for use in the cemetery.

- (a) in die geval van 'n lyk, 'n geskrewe bevel geteken deur die Registrateur van Sterfgevalle tesame met die kennisgewing van die teraardebestelling voorgelê word;
- (b) in die geval van asse, die sertifikaat van verassing, of 'n afskrif daarvan gesertifiseer deur 'n kommissaris van ede, tesame met die kennisgewing van die teraardebestelling voorgelê word;
- (c) in alle gevalle waar 'n lykskouing gehou is, 'n geskrewe magtiging tot begrawing deur 'n landdros tesame met die kennisgewing van die teraardebestelling voorgelê word;
- (d) die voorgeskrewe gelde betaal is.

#### **KOSTELOSE BEGRAWING**

4. Die Raad kan op aansoek en geheel na eie goeddunke enige lyk kosteloos begrawe op 'n plek en wyse wat hy goedvind.

#### **URE VAN TOEGANG TOT BEGRAAFPLAAS**

5. Elke begraafplaas is op elke dag van die week gedurende die ure wat die Raad by besluit bepaal, oop vir die publiek: Met dien verstande dat die Raad enige begraafplaas of deel daarvan vir enige tydperk wat hy goedvind vir die publiek kan sluit.

#### **KINDERS**

6. Geen kind mag enige begraafplaas betree nie tensy hy/sy onder die sorg is van iemand wat die Superintendent as 'n verantwoordelike persoon beskou.

#### **BESOEKERS MOET OP PAADJIES BLY**

7. Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie buiten deur die toegangshekke, en niemand mag 'n pad of voetpad verlaat nie buiten vir doeinde wat hierdie regulasies veroorloof, of om na 'n grafruimte te gaan.

#### **VERBOD OP ADVERTENSIES, VERSPREIDING VAN TRAKTATE, ENS.**

8. Niemand mag in 'n begraafplaas sakebestellings aanvra of traktate, sakekaartjies of advertensies toon, versprei of laat nie of enige pad of voetpad in 'n begraafplaas gebruik vir die vervoer van goedere of ander artikels nie, tensy dit vir gebruik in die begraafplaas bestem is.

### COMMITTING NUISANCE

9. No person shall create any nuisance within any cemetery and the Superintendent or person in charge of any cemetery may remove from such cemetery any person who in his opinion creates a nuisance.

### DISTURBANCE OF SOIL AND PLANTS

10. Except where it is expressly permitted by these regulations, no person shall pluck any flower or remove, destroy or damage any tree, shrub or other plant, whether wild or cultivated, within a cemetery, or remove or disturb the soil under or about it or in any way interfere with any grave or erection in any cemetery.

### ANIMALS IN CEMETERY

11. (1) No person shall bring or allow any bird or animal to be inside any cemetery.  
(2) Any dog, cat, fowl or other bird found in the cemetery may be destroyed by the Council without paying any compensation to the owner thereof.  
(3) Any other animal found in any cemetery shall be impounded.

### VEHICLES PROHIBITED

12. (1) No person shall bring into any cemetery any vehicle except the vehicle used for conveying a body, or conveying the immediate family of a deceased, or conveying ministers of religion to the chapel.  
(2) No person shall bring any perambulator or cycle into any cemetery.  
(3) A vehicle conveying goods for use in the cemetery may, with the permission of the Superintendent, enter the cemetery and any driver of a vehicle obtaining such permission, shall be under the direction of the Superintendent in all matters.

### OBSTRUCTION OF SUPERINTENDENT

13. No person shall obstruct, resist or oppose the Superintendent in the course of his duties or refuse to comply with any order or request which the Superintendent is under these regulations entitled to make.

## OORLASPLEGING

9. Niemand mag in 'n begraafplaas oorlas veroorsaak nie en die Superintendent of toesighouer van 'n begraafplaas kan enigiemand wat, syng insiens, 'n oorlas veroorsaak uit die begraafplaas verwyder.

## STEURING VAN GROND EN PLANTE

10. Buiten waar hierdie regulasies uitdruklik daartoe toestemming verleen, mag niemand binne 'n begraafplaas enige blom pluk of enige boom, struik, of ander plant, hetsy inheems of aangeplant, verwijder, vernietig of beskadig nie, of die grond daaronder of daarom verwijder of steur nie, of op enige wyse met enige graf of bouwerk in enige begraafplaas peuter nie.

## DIERE IN BEGRAAFPLAAS

11. (1) Niemand mag enige voël of dier in 'n begraafplaas inbring of daarin toelaat nie;  
 (2) Die Raad kan enige hond, kat of hoender of ander voël wat in 'n begraafplaas gevind word, vernietig sonder die betaling van enige vergoeding aan die eienaar daarvan;  
 (3) Enige ander dier wat in 'n begraafplaas gevind word, word geskut.

## VERBOD OP VOERTUIE

12. (1) Niemand mag enige voertuig in 'n begraafplaas inbring nie, buiten die voertuig wat gebruik word om 'n lyk of die naasbestaandes van 'n oorledene of die geloofsbedienaars na die kapel te bring;  
 (2) Niemand mag 'n kinderwaentjie of 'n fiets in 'n begraafplaas inbring nie;  
 (3) 'n Voertuig wat goedere vir gebruik in die begraafplaas vervoer, kan met die toestemming van die Superintendent die begraafplaas binnegaan en die bestuurder van so 'n voertuig wat sodanige toestemming verkry het, staan in verband met alle sake onder die opdrag van die Superintendent.

## BELEMMERING VAN SUPERINTENDENT

13. Niemand mag die Superintendent in die loop van sy pligte belemmer, teengaan of teenstaan, of weier om enige opdrag of versoek wat die Superintendent ingevolge hierdie regulasies kan uitreik of doen, na te kom nie.

## FEES

14. The fees specified in Schedule C shall be paid to the Council in respect of various items therein contained in accordance with the said Schedule.

## RIGHT TO GROUND IN CEMETERY

15. No person shall acquire any right to, or interest in, any ground in any cemetery other than such rights or interests as may be obtainable under these regulations.

## SIGNATURE OF NOTICE

16. Every written permission, notice or other document issued by the Council under these regulations shall be valid if signed by the Town Engineer.

## COOLING PLANT

17. No person shall stop or start the body cooling plant in the cemetery, except with the express permission of the Superintendent.

## FIREARMS

18. No person shall bring any firearm into a cemetery or discharge a firearm in any cemetery, except in the case of a funeral service at which military honours are paid.

## PART II – INTERMENT AND GRAVE SPACES.

### MIXED RACES

19. No non-whites shall be interred in a cemetery set aside for whites and no whites shall be interred in a cemetery set aside for non-whites.

## PURCHASE OF RIGHT TO GRAVE SPACE

20. (1) The Council may, in its discretion, reserve land in any cemetery for subdivision into grave spaces, and may sell to any person the exclusive right of burial in one or more grave spaces, subject to payment of the fees prescribed in Schedule C and to the regulations for the time being in force.  
  
(2) Any person desiring to reserve the use of any such grave space shall apply to the Superintendent.

**GELDE**

14. Die gelde in Bylae C vermeld, moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskeie hoofde daarin vervat ooreenkomsdig die genoemde bylae.

**REG OP GROND IN BEGRAAFPLAAS**

15. Niemand mag enige reg op, of belang in enige grond in 'n begraafplaas verkry nie buiten dié regte en belang wat ingevolge hierdie regulasies verkry kan word.

**ONDERTEKENING VAN KENNISGEWING**

16. Elke skriftelike toestemming, kennisgewing of ander dokument wat die Raad ingevolge hierdie regulasies uitreik, is geldig as dit deur die Stadsingenieur onderteken is.

**VERKOELINGSMASJIEN**

17. Niemand mag die lykverkoelingsmasjien in 'n begraafplaas aan die gang sit of stopsit nie, behalwe met die uitdruklike toestemming van die Superintendent.

**VUURWAPENS**

18. Niemand mag enige vuurwapen in 'n begraafplaas inbring of afvuur nie, uitgenome die geval van 'n begrafnisdiens waar militêre eer betoon word.

**DEEL II : BEGRAWING EN GRAFRUIMTES**

**GEMENGDE RASSE**

19. Geen nie-blanke mag in 'n begraafplaas wat vir blankes bestem is begrawe word nie, en geen blanke mag in 'n begraafplaas begrawe word wat vir nie-blankes bestem is nie.

**AANKOOP VAN REG OP GRAFRUIMTE**

20. (1) Die Raad kan, na goeddunke, grond in enige begraafplaas afsonder vir onderverdeling in grafruimtes, en kan aan enigiemand die uitsluitlike reg van begrawing in een of meer grafruimtes verkoop, onderworpe aan die betaling van die gelde wat hieronder voorgeskryf word en die regulasies wat dan geld.
  - (2) Enigiemand wat die gebruik van so 'n grafruimte wil bespreek, moet by die Superintendent aansoek doen.

- (3) Such grave space shall be allotted by the Superintendent and held subject to the cemetery regulations from time to time in force.

#### CONSENT OF COUNCIL TO TRANSFER

21. No person shall sell or transfer his rights in any grave space without the consent of the Council.

#### REGISTER OF GRAVE SPACES

22. (1) The Council shall maintain a register for recording all burials.  
(2) A separate register shall be maintained of the grave spaces reserved.

#### REGISTRATION OF TRANSFER

23. (1) Every transfer of any grave space reserved by a person and transferred to another person shall be registered and the registration fee prescribed in Schedule C shall be paid by the transferee, before transfer is effected.  
(2) No transfer which does not comply with the conditions referred to in subregulation (1) shall be valid.

#### FEES FOR INFORMATION

24. Any person requiring a certified extract from the register of burials, or a certificate of transfer and registration of transfer of grave spaces, or requiring the examining of any registers, shall pay the fees prescribed in Schedule C.

#### PAYMENT OF FEES

25. All fees and charges shall be paid to either the Town Treasurer or the Superintendent by the person signing the notice of interment prescribed in Schedule B and an official receipt shall be issued for every payment.

#### ALTERATION OF DAY OF INTERMENT

26. If the day or hour previously fixed for interment is altered to a later stage, notice of such alteration shall be given to the Superintendent, not less than 4 hours before such interment.

#### DIMENSIONS OF GRAVE SPACE

27. The maximum dimensions of a kerb or bordering of a grave shall be as follows:

- (3) Sodanige grafruimtes word deur die Superintendent toegeken en bly onderhewig aan die begraafplaasregulasies wat van tyd tot tyd geld.

#### TOESTEMMING VAN RAAD TOT OORDRAG

21. Niemand mag sy regte in 'n grafruimte sonder die Raad se toestemming verkoop of oordra nie.

#### REGISTER VAN GRAFRUIMTES

22. (1) Die Raad hou 'n register aan vir die aantekening van alle begrawings.  
(2) 'n Afsonderlike register word aangehou vir die aantekening van bespreekte grafruimtes.

#### REGISTRASIE VAN OORDRAG

23. (1) Elke oordrag van 'n grafruimte wat iemand bespreek het en aan iemand anders oorgedra het, moet geregistreer word en die oordragnemer moet die registrasiegelde wat in Bylae C voorgeskryf word, betaal voordat die oordrag geskied.  
(2) Geen oordrag wat die voorwaardes in subregulasie (1) genoem verontagsaam, is geldig nie.

#### GELDE VIR INLIGTING

24. Enigiemand wat 'n gesertificeerde uittreksel uit die begrawingsregister of 'n oordragsertifikaat en die registrasie van 'n oordrag van grafruimtes verlang, of wat enige register wil nagaan, moet die gelde betaal wat in Bylae C voorgeskryf word.

#### BETALING VAN GELDE

25. Alle gelde en vorderings word betaal of aan die Stadstesonier of aan die Superintendent deur die persoon wat die begrawingskennisgewing, voorgeskryf in Bylae B, onderteken en 'n amptelike kwitansie word uitgereik vir elke betaling.

#### VERANDERING VAN BEGRAWINGSDATUM

26. Waar 'n voorafbepaalde dag of tyd van 'n begrawing na 'n latere tydstip verander word, moet kennisgewing van sodanige verandering minstens 4 uur voor sodanige begrawing aan die Superintendent gegee word.

#### GROOTTE VAN GRAFRUIMTES

27. Die maksimum grootte van die randsteen of omramming van 'n graf is soos volg:

(a) Adult grave: 2,20 m x 1,10 m

(b) Child's grave: 1,50 m x 0,75 m

#### DIMENSIONS OF GRAVES

28. (1) The dimensions of the aperture for any grave shall be as follows

(a) For adults:

Length: 2 m

Breadth: 0,8 m

Depth: 1,83 m

(b) For children:

Length: 1,5 m

Breadth: 0,6 m

Depth: 1,53 m

(2) Any person requiring an aperture of larger dimensions for any interment, shall, in the notice of interment concerned, give the maximum overall dimensions of the coffin including its fittings.

#### BURIALS IN GRAVES

29. (1) No grave, whether in a purchased grave space or not, shall contain more than two coffins and the top of the last interred coffin shall be at least 1,20 m from the ordinary surface of the ground, except that the top of the last interred coffin in a child's grave shall be at least 1,10 m from the ordinary surface of the ground.

(2) The Council may, provided permission has been obtained from the Magistrate and the Medical Officer of Health, and on good cause shown, give permission for a third coffin to be interred in a grave in which not more than two coffins have been interred, if a period of not less than 30 years has elapsed since the last interment.

(3) The Council may, where early and rapid decomposition has commenced, or for any reason, on the recommendation of the Medical Officer of Health partially inter a body before the time set for interment, provided the person signing the notice of interment is informed of the time of the partial interment.

(a) Volwassenegraf: 2,20 m x 1,10 m

(b) Kindergraf : 1,50 m x 0,75 m

#### GROOTTE VAN GRAFTES

28. (1) Die grootte van die opening vir enige graf is soos volg:

(a) Vir volwassenes:

Lengte: 2 m

Breedte: 0,8 m

Diepte: 1,83 m

(b) Vir kinders:

Lengte: 1,5 m

Breedte: 0,6 m

Diepte: 1,53 m

(2) Enigiemand wat 'n groter grafopening vir enige begrawing verlang, moet in die betrokke begrawingskennisgewing die maksimale algehele mate van die doodkis met inbegrip van sy belegsels aangee.

#### BEGRAWING IN GRAFTES

29. (1) Geen graf, hetsy dit binne 'n gereserveerde grafruimte is al dan nie, mag meer as twee doodkiste bevat nie en die bokant van die laasbegraafde doodkis moet minstens 1,20 m onder die gewone oppervlakte van die grond wees, behalwe dat die bokant van die laasbegraafde doodkis in 'n kind se graf minstens 1,10 m van die gewone oppervlakte van die grond moet wees.

(2) Die Raad kan, indien toestemming verkry is van die Landdros en die Mediese Gesondheidsbeampte, en waar goeie redes aangetoon word, toestemming verleen dat 'n derde doodkis geplaas word in 'n graf waar nie meer nie as twee doodkiste alreeds begrawe is, mits 'n tydperk van minstens 30 jaar verloop het sedert die laaste begrawing.

(3) Die Raad kan, waar vroeë en vinnige ontbinding ingetree het of om enige ander rede, op aanbeveling van die Mediese Gesondheidsbeampte, 'n lyk gedeeltelik begrawe voor die bepaalde tyd vir die begrawing mits in elke sodanige geval die persoon wat die vorm van begrawingskennisgewing geteken het in kennis gestel word van die tyd van die gedeeltelike begrawing.

- (4) Where it is known that a person has died of a contagious disease, the body concerned shall be interred in accordance with the requirements of the Medical Officer of Health.
- (5) Except with permission of the Council no two coffins may be interred in the same grave at the same time.
- (6) The top of every coffin shall be at least 1,20 m below the ordinary surface of the ground, except the top of a child's coffin which shall be at least 1,10 m below the ordinary surface of the ground.

#### **INTERMENT OF ASHES**

- 30. Any urn, casket or any receptacle containing the ashes of a body after cremation, shall be interred or placed in the space or place set aside for the purpose and the fee prescribed in Schedule C shall be paid: Provided that the Council may give permission for the burial of any receptacle containing ashes in a grave space, subject to payment of the fees specified in Schedule C.

#### **CHILD'S COFFIN OVERSIZE**

- 31. If a child's coffin is too large for a child's grave, it shall be placed in an adult's grave and the usual fee for an adult's grave prescribed in Schedule C shall be paid by the person giving the notice of interment.

#### **DISTURBING OF HUMAN REMAINS**

- 32. No person shall disturb any human remains, or any soil adjacent thereto in a cemetery, except for a purpose expressly permitted by these regulations.

#### **GRAVE ALIGNMENTS AND ENCROACHMENTS**

- 33. (1) Every person in erecting or placing any kerb, railing or any other enclosing work, shall enclose the grave space so as to secure uniformity of alignment and straightness of kerbing and railing as far as possible, and the same principle shall be applied and carried out in erecting vaults, tombstones and headstones or other memorial work.
- (2) Any person who fails to observe any such requirement, order or arrangement, or who, in carrying out such work, encroaches on any road, path or adjoining ground or grave space, shall, if required by the Council, remove such encroachment, and if he fails to do so in the time specified in the notice, the whole of the

- (4) Waar dit bekend is dat 'n persoon gesterf het aan 'n aansteeklike siekte, moet die betrokke lyk begrawe word in ooreenstemming met die vereistes van die Mediese Gesondheidsbeampte.
- (5) Behalwe met die toestemming van die Raad, mag twee doodkiste nie terselfdertyd in dieselfde graf begrawe word nie.
- (6) Die bokant van elke doodkis moet minstens 1,20 m onder die gewone oppervlakte van die grond wees, behalwe in die geval van 'n kind se doodkis waar die bokant van die doodkis minstens 1,10 m onder die gewone oppervlakte van die grond moet wees.

#### BEGRAWING VAN ASSE

30. Enige kruik, kissie of ander houer wat die asse bevat van 'n lyk na verassing moet begrawe of geplaas word in die ruimte of plek wat vir die doel afgesonder word, en die gelde wat in Bylae C voorgeskryf word, moet betaal word: Met dien verstande dat die Raad toestemming kan verleen tot die begrawing van 'n houer met asse in 'n grafruimte, onderworpe aan die betaling van die gelde voorgeskryf in Bylae C.

#### WAAR 'N KINDERDOODKIS TE GROOT IS

31. Waar 'n kind se doodkis te groot is vir 'n kind se graf, word dit in 'n volwassene se graf geplaas, en die persoon wat die begrawingskennisgewing indien, moet die gewone gelde in Bylae C voorgeskryf, vir 'n volwassene se graf, betaal.

#### STEURING VAN STOFLIKE OORSKOT

32. Niemand mag enige stoflike oorskot, of enige grond daarom in 'n begraafplaas steur nie buiten vir 'n doel wat hierdie regulasies uitdruklik veroorloof.

#### RIGBELYNING EN OORSKRYDING BY GRAFTE

33. (1) Elkeen wat randstene, relings of enige ander omsluitingswerk oprig, moet die grafruimte sodanig omsluit om sover moontlik eenvormighed van die riglinies en die reguit lyne van randstene en relings te verseker, en dieselfde beginsel moet toegepas en uitgevoer word by die oprigting van grafkelders, grafstene en kopstene of van ander grafwerk.

(2) Elkeen wat versuim om sodanige vereistes, orde of rangskikking na te kom, of wat by die uitvoering van sodanige werk oorskry op enige pad, voetpad of aangrensende grond of grafruimte moet, as die Raad dit vereis, sodanige oorskryding verwyder, en as hy versuim om dit te doen binne die tyd wat die ken-

work may be removed by the Council, and the person responsible shall be liable for all costs thereby incurred and shall further be guilty of an offence.

### PART III – FUNERALS.

#### NOTICE OF ATTENDANCE OF MOURNERS

34. If at any interment a large number of mourners are expected to be in attendance the person giving notice of such interment shall notify the fact to the Superintendent the day before the funeral.

#### RELIGIOUS CEREMONIES

35. (1) The members of any religious denomination may conduct religious ceremonies in connection with any interment or memorial service subject to the control and the regulations of the Council.  
(2) No person shall conduct any religious ceremony or service according to the rites of any denomination in a portion of a cemetery which has been reserved by the Council for members of another denomination.

#### EXPOSURE OF BODIES

36. No person shall convey any body in an unseemly manner or expose any body or any part thereof in any street, cemetery, or public place.

#### DAYS AND HOURS OF INTERMENT

37. (1) No interments shall take place on any Saturday, Sunday or public holiday except with the permission of the Council.  
(2) When such permission has been obtained, the person undertaking the interment shall make all the necessary arrangements with the Superintendent and the Council shall not be responsible for any delay should timeous arrangements not be made.  
(3) For interment on Saturdays, Sundays and public holidays an extra charge as prescribed in Schedule C shall be paid.  
(4) No interment shall be commenced between 17h00 and 09h00 except in cases of extreme urgency and in any such case the Superintendent shall record the reasons for such urgency, and all other information in regard to the interment.

nisgewing daartoe aangee, kan die Raad al die werk verwijder, en die verantwoordelike persoon is aanspreeklik vir alle koste wat dit meebring, en hy is voorts skuldig aan 'n misdryf.

### DEEL III : BEGRAFNISSE

#### KENNISGEWING VAN BYWONING VAN BEGRAFNISGANGERS.

34. As 'n groot aantal begrafnisgangers by 'n begrafnis verwag word, moet die persoon wat die begrawingskennisgewing indien, die Superintendent op die dag voor die begrafnis daarvan verwittig.

#### GODSDIENSTIGE PLIGPLEGING

35. (1) Die lede van enige godsdienstige kerkgenootskap kan godsdienstige pligpleging hou in verband met enige begrawing of begrafnisdienst onderworpe aan die beheer en die regulasies van die Raad.
- (2) Niemand mag enige godsdienstige pligpleging of diens hou volgens die godsdiensgebruik van enige kerkgenootskap in 'n deel van 'n begraafplaas wat die Raad afgesonder het vir lede van 'n ander kerkgenootskap nie.

#### BLOOTSTELLING VAN LYKE

36. Niemand mag 'n lyk op 'n onbehoorlike wyse vervoer of 'n lyk of deel daarvan in enige straat, begraafplaas of openbare plek blootstel nie.

#### DAE EN TYE VAN BEGRAWING

37. (1) Buiten met die toestemming van die Raad, mag geen begrawing op Saterdag, Sondag of 'n openbare vakansiedag plaasvind nie.
- (2) By verkrywing van sodanige toestemming moet die persoon wat die begrawing onderneem al die nodige reëlings met die Superintendent tref, en die Raad is nie verantwoordelik vir enige vertraging as daar nie betyds reëlings getref word nie.
- (3) Vir begrawing op Sondag of openbare vakansiedae is 'n ekstra bedrag betaalbaar soos voorgeskryf in Bylae C.
- (4) Geen begrawing mag tussen 17h00 en 09h00 begin nie buiten in uiterste noodgevalle en in enige sodanige geval moet die Superintendent die redes vir die dringendheid aanteken sowel as alle ander inligting ten opsigte van die begrawing.

### COOLING PLANT

38. Should the interment of a body not take place on the day it is brought into the cemetery, it shall be placed in the cooling chamber and a charge, as prescribed in Schedule C, shall be paid.

### DIRECTIONS OF SUPERINTENDENT

39. Every person taking part in any funeral, procession or ceremony shall comply with the directions of the Superintendent while such person is within the cemetery.

## PART IV

### EXHUMATION OF BODIES AND RE-OPENING OF GRAVES.

#### EXHUMATIONS

40. (1) No coffin or body shall be exhumed except in accordance with any law or regulation in force for the time being, or by any person not authorised by the Council in writing.
- (2) Notice of exhumation shall be handed to the Superintendent at least two clear days before the date proposed for the removal of the body, except in cases of emergency.

#### TIME OF EXHUMATION

41. No person shall exhume or cause to be exhumed any body during such time as the cemetery is open to the public.

#### SCREENING OF EXHUMATION OPERATIONS

42. The grave from which any body is to be removed shall be effectively screened from view during the exhumation, and a suitable container shall be kept in readiness to receive the exhumed body.

#### REMOVAL BY COUNCIL OF BODY FROM ONE GRAVE TO ANOTHER

43. If at any time the exhumation and removal of a body becomes necessary, or if any body has been buried in a grave in contravention of any of these regulations, the Council may, subject to any other law, cause such body to be removed to another grave: Provided that every near relative of such deceased person resident within the municipal area shall, if possible, first be informed thereof.

## VERKOELINGSMASJIEN

38. As die begrawing van 'n lyk nie plaasvind op die dag waarop dit in die begraafplaas gebring is nie, moet dit in die verkoelingskamer geplaas word, en moet die bedrag betaal word wat in Bylae C voorgeskryf word.

## OPDRAGTE VAN SUPERINTENDENT

39. Elkeen wat deelneem aan 'n begrafnis, optog of pligpleging moet, terwyl hy in die begraafplaas is, voldoen aan die opdragte van die Superintendent.

## DEEL IV

### OPGRAWING VAN LYKE EN DIE HEROPEN- ING VAN GRAFTE.

#### OPGRAWINGS

40. (1) Geen doodkis of lyk mag opgegrave word nie buiten ooreenkomsdig die wette of regulasies wat dan geld, of deur enigiemand wat die Raad nie skriftelik daartoe gemagtig het nie.

- (b) Kennisgewing van opgraving moet minstens twee volle dae voor die datum wat vir die verwijdering van die lyk bestem is, aan die superintendent oorhandig word, uitgesond in noodgevalle.

## TYD VAN OPGRAWING

41. Niemand mag 'n lyk opgrave of laat opgrave op 'n tyd wanneer die begraafplaas vir die publiek oop is nie.

## AFSKERMING VAN OPGRAWINGSBEDRY- WIGHEDE

42. Die graf waaruit 'n lyk verwijder staan te word, moet doeltreffend afgeskerm word sodat die opgrawingsbedrywighede uit die oog uit is, en 'n gesikte houer moet gereed gehou word om die opgegraafde lyk in te sit.

## VERSKUIWING VAN 'N LYK VAN EEN GRAF NA 'N ANDER DEUR DIE RAAD.

43. As die opgraving en verwijdering van 'n lyk te eniger tyd nodig word, of as 'n lyk in oortreding van enige van hierdie regulasies in 'n graf begrawe is, kan die Raad, behoudens enige ander wet, so 'n lyk na 'n ander graf laat verwijder: Met dien verstande dat elke naasbestaande van sodanige oorledene wat moontlik binne die munisipale gebied woon, indien moontlik, vooraf daarvan verwittig moet word.

**PART V****CARE OF GRAVES****NEGLECT OF GRAVES**

44. (1) The owner of any grave space shall keep such grave space free from weeds and in a proper condition.
- (2) If the owner neglects to attend to any such grave space the Council may itself attend to it and recover from the owner such amount as it may deem reasonable in respect of such work.

**PLANTING OF SHRUBS, ETC.**

45. Any person may, with the permission of the Superintendent, plant any shrub, plant, tree or flower upon any grave: Provided that no shrub, plant or flower shall be cut or carried away by any person without the consent of the Superintendent, and the Council may prune, cut down, dig up or remove any such shrub, plant or flower at any time without paying any compensation.

**RAILING, ETC.**

46. No person shall erect or place any railing, wire work, flower stand, or other ornament in a cemetery without the consent of the Superintendent.

**CARE OF GRAVES BY COUNCIL**

47. The Council may, upon application and upon the payment of the fees prescribed in Schedule C, undertake the care of any grave.

**PART VI****ERECTION AND MAINTENANCE OF MEMORIAL WORK****VAULTS**

48. (1) No vault and no brick grave shall be constructed in any part of a cemetery without the prior consent in writing of the Council, and no burial in any vault or brick grave shall take place except on the condition that immediately after interment the grave shall be filled up with earth.
- (2) The provisions of regulations 27 and 28 regarding the depths of coffins below the surface of the ground shall in every case apply.

## DEEL V

## VERSORGING VAN GRAFTE.

## VERWAARLOSING VAN GRAFTE

44. (1) Die eienaar van 'n grafruimte moet sodanige grafruimte skoon van onkruid en in goeie toestand hou.
- (2) As die eienaar versuim om so 'n grafruimte te versorg, kan die Raad dit self versorg en die bedrag wat hy ten opsigte van die werk redelik is, op die eienaar verhaal.

## DIE AANPLANT VAN STRUIKE, ENS.

45. Enigiemand kan met die Superintendent se toestemming, enige struik, plant, boom of blom op 'n graf plant: Met dien verstande dat niemand 'n struik, plant of blom mag afsny of wegdra sonder die toestemming van die Superintendent nie, en dat die Raad enige sodanige struik, plant of blom te eniger tyd sonder die betaling van enige vergoeding kan snoei, kort sny, uitgrawe of verwijder.

## RELINGS, ENS.

46. Niemand mag enige relings, draad, blomhouer of ander ornament sonder die toestemming van die Superintendent in 'n begraafplaas oprig of plaas nie.

## VERSORGING VAN GRAFTE DEUR DIE RAAD

47. Die Raad kan op aansoek en by betaling van die geld wat in Bylae C voorgeskryf word, die versorging van enige graf onderneem.

## DEEL VI

## OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN GRAFWERK.

## GRAFKELDERS

48. (1) Geen grafkelder en geen baksteengraf mag in enige deel van 'n begraafplaas sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die Raad gebou word nie, en geen begrawing in 'n grafkelder of baksteengraf mag plaasvind nie buiten op die voorwaarde dat die graf onmiddellik na die begrawing met grond toegemaak moet word.
- (2) Die bepalings van regulasies 27 en 28 ten opsigte van die dieptes van grafte onder die grondoppervlakte geld in elke geval.

## ERCTION OF MEMORIAL WORK

- 49: (1) A sufficient drawing and specification or a description of every vault, brick grave, tombstone, memorial stone, monument, rail, fence, chain or other structure proposed to be erected in a cemetery shall be submitted to the Council for its approval.
- (2) No person shall commence such work until the Council has approved in writing of the drawing and specification or description, and no deviation from the drawing and specification or description shall be made save with the written consent of the Council.
- (3) No person shall erect any memorial work upon any grave except in such position as the Superintendent may indicate.
- (4) No person shall bring any material into a cemetery for the purpose of constructing any memorial work or any brick or stone work on a grave space unless and until
- all fees due in respect of such grave space have been duly paid, and
  - the Council's approval has been given to the applicant.
- (5) No person shall leave any material or tombstone in a cemetery for longer than seven days without using or erecting it.
- (6) Where an owner of or person who reserved a grave space erects memorial work on a grave where no remains have as yet been interred, the owner or such person shall pay a deposit prescribed in Schedule C.1.(11) to cover the cost of re-erection of such memorial work after interment in such grave has taken place.

## REJECTION OF MEMORIAL WORK

50. The Council may reject any proposed memorial work or inscription which, in its opinion, is of inferior workmanship or quality or which is likely in any way to disfigure any cemetery or calculated to hurt or offend the feelings of the public.

## SITTING ON MEMORIAL WORK

51. No person shall sit, stand or climb upon or over any memorial work, gate, wall, fence or any building in a cemetery.

## OPRIGTING VAN GRAFWERK

49. (1) 'n Toereikende tekening en spesifikasies of 'n beskrywing van elke grafkelder, baksteengraf, grafsteen, gedenksteen, monument, reling, heining, ketting of ander struktuur wat bedoel is vir oprigting in 'n begraafplaas moet aan die Raad voorgelê word vir sy goedkeuring.
- (2) Niemand mag met sodanige werk begin voordat die Raad die tekening en spesifikasies of die beskrywing skriftelik goedgekeur het nie en geen awyking van die tekening en spesifikasies of beskrywing mag sonder die Raad se skriftelike toestemming gemaak word nie.
- (3) Niemand mag grafwerk op 'n graf oprig buiten in 'n posisie wat die Superintendent aandui nie.
- (4) Niemand mag enige materiaal met die doel om grafwerk of baksteen- of klipwerk op 'n grafruimte op te rig in 'n begraafplaas bring nie, tensy en totdat -
- (a) alle betaalbare geld te opsigte van sodanige grafruimte behoorlik betaal is; en
  - (b) die Raad sy goedkeuring aan die applikant gegee het.
- (5) Niemand mag enige materiaal of grafsteen in 'n begraafplaas laat vir langer as sewe dae sonder om dit te verbruik of op te rig nie.
- (6) Waar 'n eienaar of bespreker van 'n grafgrafsteenwerke oprig op 'n graf waarin nog geen oorskot begrawe is nie moet die eienaar of bespreker 'n deposito soos voorgeskryf in Bylae C.1 (11) betaal om die koste van heroprigting van sodanige grafsteenwerke na die begrawing in sodanige graf plaasgevind het, te dek.

## AFWYSING VAN GRAFWERK

50. Die Raad kan beoogde grafwerk of enige opskrif afwys wat syns insiens minderwaardig van afwerkking of gehalte is, of wat 'n begraafplaas enigsins kan ontsier, of wat bereken is om die gevoelens van die publiek te skaad of te krenk.

## DIE SIT OP GRAFWERK

51. Niemand mag op enige grafwerk, hek, muur, heining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of daarop of daaroor klim nie.

**DEFACING MONUMENTS**

52. No person shall mark, draw, scribble, erect advertisements upon, or in any way deface any wall, building, fence, gate, memorial work or other erection within a cemetery.

**MONUMENTS IN WOOD**

53. No person shall erect wooden palings, or monuments of wood in a cemetery.

**REPAIR OF MEMORIAL WORK**

54. (1) If the owner of any memorial work allows it to fall into a state of disrepair which, in the opinion of the Council, constitutes a danger to, or a disfigurement in the cemetery, the Council may by written notice require him to effect such repairs as it may consider necessary, and if the address of the owner is not known such notice may be published in a newspaper circulating within the municipal area.

(2) In the event of the required repairs not being effected within one month from the service or publication of such notice, the Council may itself effect the repairs or remove the memorial work without paying any compensation, and recover the expense of such repair or removal from the owner.

**SUPERVISION OF WORK**

55. Any person engaged upon any work in a cemetery shall effect such work under the supervision of and to the satisfaction of the Superintendent.

**DAMAGE TO MEMORIAL WORK**

56. The Council shall in no case be liable for damage which may at any time occur to any memorial work from any cause whatsoever.

**REGULATIONS FOR CONSTRUCTION OF  
MEMORIAL WORK**

57. No person, in constructing any memorial work, shall fail to observe any of the following conditions:

(a) (i) Any person in erecting a tombstone on any grave shall whenever required to do so by the Town Engineer, provide a reinforced concrete block extending over the breadth of the grave with each end resting on solid ground to an extent of not less than 30 cm to serve as a solid base of the tombstone.

(ii) The design and construction of such concrete block shall be subject to the approval of the Town Engineer.

## SKENDING VAN GEDENKSTENE

52. Niemand mag op enige muur, gebou, heining, hek, grafwerk of ander bouwerk in 'n begraafplaas merke maak, teken, skryf of advertensies aanbring nie of dit enigsins skend nie.

## HOUTGEDENKTEKENS

53. Niemand mag pale of gedenktekens van hout in 'n begraafplaas oprig nie.

## HERSTEL VAN GRAFWERK

54. (1) As die eienaar van grafwerk sodanige werk in 'n vervalle toestand laat raak wat, na die Raad meen, 'n gevvaar vir, of ontsiering van, die begraafplaas is, kan die Raad hom by skriftelike kennisgewing aansê om die herstelwerk wat die Raad nodig vind, uit te voer, en as die eienaar se adres onbekend is, kan sodanige kennisgewing in 'n nuusblad wat in die munisipale gebied in omloop is, gepubliseer word.
- (2) As die vereiste herstelwerk binne een maand na die bestelling of publikasie van die kennisgewing nog nie gedoen is nie, kan die Raad self die herstelwerk doen of sonder die betaling van vergoeding die grafwerk verwijder, en die onkoste van sodanige herstelwerk of verwijdering op die eienaar verhaal.

## TOESIG OOR WERK

55. Enigeen wat enige werk in 'n begraafplaas verrig, moet sodanige werk onder die toesig, en ten genoeë van die Superintendent doen.

## SKADE AAN GRAFWERK

56. Die Raad is geensins aanspreeklik vir skade wat te eniger tyd en weens watter oorsaak ook al aan grafwerk ontstaan nie.

## VOORWAARDES VIR DIE AANBRING VAN GRAFWERK

57. By die uitvoering van grafwerk mag niemand enige van die onderstaande voorwaardes versuim nie:

- (a) (i) Elkeen wat 'n grafsteen op 'n graf oprig, moet, wanneer ook al die stadsingenieur dit vereis, 'n wapenbetonblok laat aanbring wat oor die breedte van die graf strek en wat weerskante minstens dertig sentimeter ver op vaste grond rus, om te dien as soliede basis vir die grafsteen;
- (ii) die ontwerp en bou van sodanige betonblok is onderworpe aan die goedkeuring van die stadsingenieur.

- (b) The underside of every flagstone memorial and the base of every monument or headstone shall be set at least 5 cm below the natural level of the ground.
- (c) No border stones shall be more than 22 cm above the surface of the ground or extend more than 20 cm below the surface of the ground altogether, without the consent of the Council.
